SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 1 AUGUSTUS 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL HF FOON KOMPETISIE VANMIDDAG

DIE SARL VOLGENDE GENERASIE BAKEN FONDS STAAN OP R24 700

en

DIE AUGUSTUS 2021 RADIO ZS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van vyf Stil Sleutels:

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Bernd Kindler, ZR6KDL op Donderdag 1 Julie 2021 stil geword het. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Liesel, sy dogter en drie seuns, familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Andre Smith, ZS6OM op Donderdag 15 Julie 2021 op 80-jarige ouderdom stil geword het nadat hy die stryd teen kanker verloor het. Hy was jare lank lid van die Rustenburg-tak, maar was nie meer aktief nie. Ons betuig ons innige meegevoel met sy broer Deon, ZS6RFI, familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Garnett Gould, ZS6ZTJ, ex ZS6ZT en ZS5ZT op Sondag 25 Julie 2021 stil geword het. Ons betuig ons innige meegevoel met sy dogter Lorelle, familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Simon Prinsloo, ZS6SLP op Sondag 25 Julie 2021 stil geword het. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Shaun Cullen, ZS5C op Woensdag 28 Julie 2021 stil geword het. Ons betuig sy innige meegevoel met sy vrou Lynn, familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL HF FOON KOMPETISIE VANMIDDAG

Die doel van die HF Foon kompetisie is dat deelnemers soveel as moontlik radio amateurs in Suider-Afrika op 20, 40 en 80 meter kontak. Die HF Foon kompetisie duur van 14:00 tot 17:00 UTC (16:00 tot 19:00 SAT) vanmiddag Sondag 1 Augustus 2021. Die uitruiling is 'n RS-verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer vanaf 001. Jy kan deelneem as 'n enkel operator-enkel radio - enkelband of 'n enkele operateur-enkel radio - alle band stasie met die 'overlay' jong dame en jeug. Jy en mede-amateurs of jou klub kan deelneem as 'n multi-operateur enkelband of as 'n multi-operateur alle band stasie. Dien jou logstaat in ADIF, Cabrillo of MS Excel formaat in teen 23:59 SAT op Vrydag 6 Augustus 2021 per e-pos na zs4bfn@mweb.co.za. Kry al die reëls op bladsy 86 van die 2021 Blouboek.

AMSAT SA RUIMTESIMPOSIUM VIDEOS

Die eerste twee AMSAT SA Ruimtesimposium videos is nou op YouTube beskikbaar. Volg die skakels vanaf www.amsatsa.org.za. Ander sal binnekort volg.

DIE SARL VOLGENDE GENERASIE BAKEN FONDS STAAN OP R24 700

Die menigte befondsing inisiatief om fondse in te samel vir die SARL Volgende Generasie Baken program is deur AMSAT SA geïnisieer. Die R24 700 wat tot dusver ingesamel is, is ver van die teiken van R60 000 om 'n baken in die Karoo en die Wes-Kaap te finansier. Goeie vordering word gemaak op 'n terrein in die Karoo met 'n MVV wat binnekort onderteken moet word tussen die SARL, die eienaar van die plaas en 'n maatskappy wat die toring fasiliteite bestuur.

Tydens die maandelikse vergadering op Donderdag 29 Julie het die Baken-groep verskillende aspekte en planne bespreek om die Bethlehem-baken en alle toekomstige bakens met 'n telemetrie- en afstand beheerstelsel toe te rus. Om op hoogte te bly met die baken program, luister na Brian Jacob se 'Focus on VHF and above' wat weekliks op die Amateur Radio Today program uitgesaai word.

AMSAT SA en die SARL bedank almal wat tot dusver bygedra het. Help ons om dit te laat geskied deur aan die fonds te skenk en die teiken van R60 000 gedurende die volgende maand te bereik. Besoek www.amsatsa.org.za en lewer jou bydrae deur op een van die betalings knoppies te klik vir 'n donasie van R50, R250 of R1 000. Die knoppie lei jou na die Payfast-webwerf waar jy jou kredietkaart besonderhede moet invoer. Voeg ook jou roepsein na jou van by. Besoek die Volgende Generasie Baken webblad vir artikels, video's, opdaterings en 'n lys van donateurs. Daar is skakels op die SARL- en AMSAT SA-tuisbladsye.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

MEER STADIGE AFTAS TV UITSENDINGS VANAF RS0ISS BEPLAN

Op Vrydag en Saterdag 6 en 7 Augustus, sal Russiese ruimtevaarders aan boord van die Internasionale Ruimtestasie (ISS) stadige aftas TV (SSTV) beelde op 145,800 MHz FM uitsaai. Hulle sal SSTV-modus PD-120 gebruik. Die

aangekondigde skedule is 10:50 tot 19:10 UTC op 6 Augustus en 09:50 tot 15:55 UTC op 7 Augustus. Datums en tye kan verander word.

DIE AUGUSTUS 2021 RADIO ZS

Die Augustus 2021 Radio ZS is op Donderdag 29 Julie opgelaai na die SARL-webwerf. Johan, ZS1RX vertel jou hoe om die SSTV-beelde van die ISS te ontvang en ons kyk na amateur radio wat lewenslange stokperdjie beoefenaars help om geestelik fiks te bly op hoër ouderdom! Vanaf die Augustus 1975 Radio ZS, her-publiseer ons weer 'Klein lusse vir die laer frekwensies,' in RaDAR Nuus gee Adele, ZS5APT en Eddie, ZS6BNE terugvoer oor die Julie RaDAR-uitdaging, ons kyk na nie-gemotoriseerde waentjies vir op die lug aktiwiteite en die Alle Afrika-toekenning. Daar is 'n lae-krag HF-triplekser om te bou, vind uit oor die 2021 Suider-Afrikaanse Vuurtoring toekenning en daar is twee artikels waarin ballonne gebruik om jou Velddag antenne in die lug te kry. Volg die skakel op die voorblad van die Liga webwerf.

KOMPETISIE NUUS

Agt logstate is ontvang vir die Winter QRP-kompetisie wat op Saterdag 17 Julie 2021 gehou is. Twee jeug stasies, Bryce, ZU1BM en Kiara, ZU1ISS, het daaraan deelgeneem. Hulle het 'n veldstasie opgerig en is bygestaan deur hul pa Phil, ZS1WW, wat self 'n beginner is. Knap gedaan!

1ste Kobus Boshoff, ZS6BOS - 243 punte

2de Johannes Van Zijl, ZS4DZ - 33 punte

3de Danie Schnetler, ZS6DPS en die Wesrand ARK, ZS6WR - 24 punte

Sestien logstate is ontvang vir die 2021 ZS2 Naelloop wat op Sondag 18 Julie 2021 gehou is.

1ste Michael Steenkamp, ZS2MIC - 79 punte

2de Port Elizabeth Amateurradiovereniging, ZS2PE - 57 punte

3de Gert Schoeman, ZS2GS - 48 punte

Vyf-en-twintig logstate is ontvang vir die vierde SARL Woensdag 80 m naelloop en die deelnemers het 181 QSO's gemaak.

1ste Wes-Randse ARK - 249 punte

2de die Boland ARK - 160 punte

3de die Bloemfontein ARK - 54 punte

Die individuele tellings

1ste Andre, ZS1AN - 59 punte

2de Andre, ZS4AW - 54 punte

3de Hans, ZS6KR - 50 punte

Al die tellings is in HF Happenings 957 gepubliseer

ZULULAND AMATEURRADIOKLUB AJV

Op die AJV van die Zululand Amateurradioklub, gehou op 25 Julie 2021 op ZOOM, is die volgende komiteelede verkies.

Voorsitter: Jan Erasmus, ZS5G

Ondervoorsitter: Andre Rheder, ZS5AW

Tesourier: Willie Axford, ZS5WI

Sekretaris: Ian Brown, ZS5IGB

Nuusbrief redakteur: Jo Snyders, ZS5JO

Ons wens hulle sterkte toe tydens hul ampstermyn en bedank die uittredende lede vir hul harde werk gedurende hul ampstermyn.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar geen aktiewe sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van twee vir die week gebruik. Radio amateurs kan laatmiddag DX openinge op die 17 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag - die SARL HF Foon kompetisie

9 Augustus - Nasionale Vrouedag en die SARL YL Naelloop

12 Augustus - Internasionale Jeugdag

12 en 13 Augustus - die Perseïede meteor buie

14 Augustus - die SARL Jeug Naelloop

14 en 15 Augustus – die QSO Today Virtuele Amateur Ekspo

15 Augustus - die SARL HF digitale kompetisie

17 Augustus - die PEARS en Grens ARK vergaderings

21 Augustus - die Magalies en Highway ARKs vergaderings

21 en 22 Augustus - die Internasionale Vuurtoring- en Ligskip Naweek

28 Augustus - die CTARS-byeenkoms en die SARL 40 m Ruit Vierkant naelloop

29 Augustus - die SARL HF GG kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die HF Foon kompetisie duur van 14:00 tot 17:00 UTC (16:00 tot 19:00 SAT) vanmiddag Sondag 1 Augustus 2021 met aktiwiteite in die 20, 40 en 80 m bande. Die uitruiling is 'n RS-verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer vanaf 001. Lees die reëls voordat die kompetisie begin.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.